DSGN

ISEBE LEMFUNDO LEMPUMA KOLONI
EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT
OOS-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

IIMVIWO ZEBANGA LESHUMI ELINANYE
GRADE 11 EXAMINATIONS
GRAAD 11-EKSAMEN

# NOVEMBER 2008

# ONTWERP – EERSTE VRAESTEL (TEORIE)

| | | |
|---|---|---|
| **IXESHA: 3 iiyure** | **TIME: 3 hours** | **TYD: 3 uur** |
| **AMANQAKU: 150** | **MARKS: 150** | **PUNTE: 150** |

*Skryf op die buiteblad van jou antwoordeboek, na die woord "Vak" –*
**ONTWERP – EERSTE VRAESTEL (TEORIE)**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye

## INSTRUKSIES AND INLIGTING

1. Daar is VYF vrae in hierdie vraestel.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die vrae aandagtig deur.

4. Beantwoord die vrae in volsinne. Vermy die skryf van ’n lys van feite.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1

## VISUELE GELETTERDHEID: ONGESIENE WERKE

Bestudeer FIGUUR 1 en FIGUUR 2, van embleme ('logos') wat twee verskillende Suid-Afrikaanse finansiële instansies verteenwoordig en beantwoord die vrae wat volg.




**FIGUUR 1**




**FIGUUR 2**

1.1 Identifiseer en verduidelik die simbole wat in elk van die bostaande embleme ('logos') gebruik word om jou begrip van hul betekenis te toon. (4)

1.2 Wanneer Suid-Afrikaanse embleme ('logos') ontwerp word, dink jy dat dit belangrik is dat ontwerpers Afrika-beelde gebruik? Verskaf redes vir jou antwoord. (2)

1.3 Bespreek FIGUUR 2 se styl en beeldgebruik om aan te toon hoe dit 'n Afrika-kwaliteit weerspieël. (2)

1.4 Het die ontwerpers van hierdie embleme ('logos') die tipografie suksesvol by die beelde aangepas? Verduidelik jou antwoord. (2)

1.5 Noem twee klasse tipografie-style wat in die bostaande embleme ('logos) gebruik is en verskaf 'n eienskap van elk. (2)

1.6 Noem EEN beginsel van ontwerp wat in die embleem ('logo') in FIGUUR 2 sterk uitstaan. Verduidelik hoe die beginsel toegepas is. (2)

1.7 Bestudeer die WASGEDRUKTE katoentekstiel uit Ghana geïllustreer in FIGUUR 3 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



**FIGUUR 3**


1.7.1 Identifiseer en verduidelik DRIE Gestaltbeginsels wat op hierdie ontwerp toegepas kan word. (6)

**[20]**

## VRAAG 2

## INTERNASIONALE GESKIEDENIS VAN ONTWERP (KUNS- EN KUNSVLYTBEWEGING; ART NOUVEAU; BAUHAUS; ART DECO)


Bestudeer die onderstaande illustrasies en beantwoord die vraag wat volg:



**FIGUUR 4**




**FIGUUR 5**



**FIGUUR 6**

2.1 Identifiseer die beweging waaraan elk van die bostaande lampe behoort en verskaf DRIE doelwitte en/of eienskappe vir elke beweging soos in hierdie werke aangetoon. (12)

2.2 Bestudeer die voorbeelde van kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerpe aangetoon hieronder en beantwoord die vraag wat volg:



FIGUUR 7



FIGUUR 8



FIGUUR 9

Vir elk van die bostaande plaaslike ontwerpe, identifiseer EEN internasionale beweging wat dit kon beïnvloed het. (3)

2.3 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae wat volg:



**FIGUUR 10**

2.3.1 Verduidelik waarom hierdie stoel tipies van die Kuns- en Kunsvlytbeweging is. (3)

2.3.2 Noem een Kuns- en Kunsvlytontwerper asook 'n werk deur hierdie ontwerper. (2)

**SUID-AFRIKAANSE EN PAN-AFRIKAANSE ONTWERP**

2.4 Kies enige TWEE Suid-Afrikaanse of tradisionele Afrika metodes en tegnieke wat jy tydens jou studies nagevors het en skryf 'n opstel daaroor. By elk moet jy die volgende insluit:

- 'n Kort geskiedenis van die ontwikkeling daarvan (3)
- Gebruik van materiale, metodes en prosesse (2)
- Doeleindes/Funksies (3)
- 'n Bespreking van die moontlike gebruik van hierdie tegniek in ons kontemporêre lewens. Lewer ook kommentaar op moontlike etiese kwessies wat dalk betrokke is. (2)

(10 x 2) (20)

**[40]**

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die onderstaande aanhaling en beantwoord die vrae wat volg:

"… dit is belangrik om 'n ontwerpstyl te ontwikkel wat uniek Suid-Afrikaans is.

Dit is belangrik omdat die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse styl sal help om 'n unieke en verenigde Suid-Afrikaanse identiteit te smee. Deur geboorte te skenk aan 'n kultuur wat mense aanmoedig om hul eie gemeenskaplike erfenis te vier eerder as om na Europa of Amerika te kyk, sal 'n positiewe impak ook op sosiale, kulturele en ekonomiese groei gekry word"

Flourescence Media Design – Suid-Afrika

3.1.1 Verskaf DRIE wyses waarop ontwerpers 'n unieke Suid-Afrikaanse identiteit aan hul werk kan verleen. (3)

3.1.2 Skryf 'n kort opstel oor 'n kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper onder die volgende opskrifte:

- Ontwerper en ontwerpsdissipline (1)
- Kort agtergrond en opleiding (2)
- Afrika invloede en inspirasie (3)
- Ontwerpsproses (3)
- Algemene eienskappe (3)

3.2 Bespreek die werk van TWEE internasionale kontemporêre ontwerpers wat jy bestudeer het. Een van hierdie ontwerpers se werk moet 'n betrokkenheid met omgewingskwessies toon. Verduidelik ook die bydrae en invloed wat hierdie ontwerpers op jou ontwerpsproses gehad het. (15)

**[30]**

## VRAAG 4

## SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

4.1 Bestudeer die illustrasie hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:




**FIGUUR 11**

"Die interessantste Suid-Afrikaanse politieke plakkate wat hulself met die tema van oorlog en militarisme bemoei dateer terug na die 1980's. Die geskiedenis van hierdie die plakkate vorm deel van ontwerp wat die verpligte oproep van wit Suid-Afrikaanse mans tot die weermag bevraagteken het".

4.1.1 Hoe manipuleer die ontwerper beeld, toonwaarde en tipografie om die boodskap aan die waarnemer in FIGUUR 11 oor te dra? (6)

4.1.2 Bespreek VIER eienskappe van 'n suksesvolle plakkaat. (4)

4.1.3 Verskaf VIER eienskappe van lettertipe in die algemeen. (4)

4.1.4 Skryf 'n paragraaf oor die maatneming van lettertipes. (6)

4.2 Bespreek die werk van 'n Internasionale **OF** Suid-Afrikaanse **OF** Pan-Afrikaanse ontwerper of ontwerpgroep wat duidelik sosiale kwessies aanspreek. Verwys na voorbeelde in jou bespreking. MOET NIE ontwerpers HERHAAL wat jy reeds gebruik in die vraestel het nie. (10)

**[30]**

**VRAAG 5**

**ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS**

Bestudeer FIGUUR 12 en FIGUUR 13 en beantwoord die volgende vrae:




**FIGUUR 12**



**FIGUUR 13**

"Baie kontemporêre ontwerpsvoorwerpe integreer handvakmanskap met industriële produksie vir internasionale uitvoer."

Kontemporêre ontwerp verleen hulp aan Afrika vakmanne, David Blog

5.1 Met verwysing na die bostaande aanhaling, skryf 'n paragraaf oor die positiewe en negatiewe gevolge van die aanpassing van tradisionele ontwerpe vir kommersiële doeleindes. (6)

5.2 Noem TWEE moontlike teikenmarkte waarop die bostaande twee ontwerpe gemik kan word. (2)

5.3 'n Produk wat jy ontwerp het is gereed om verkoop te word. Verduidelik die verskeie metodes wat jy kan gebruik om dit te bemark en te bevorder. (10)

5.4 Noem van die faktore wat jy in aanmerking sal neem wanneeer jy die prys vir hierdie produk, genoem in VRAAG 5.3 moet bepaal. (6)

5.5 Verduidelik wat die eienskappe van 'n suksesvolle brosjure is. (6)

**[30]**

**GROOTTOTAAL: 150**